“(3) The **[managing director is]** chief executive officer and chief financial officer are entitled to a remuneration package determined by the Board, with the concurrence of the Minister and the Minister of Finance, and the concurrence shall be deemed to have been granted, should such a response not be forthcoming within 30 days from the receipt of the request by the Minister of Finance.”;

*(e)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) The **[managing director is]** chief executive officer and chief financial officer are accountable to the Board.”; and

**Wysiging van artikel 18 van Wet 9 van 2010, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 44 van 2013**

**9.** Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

“**Aanstelling van [besturende direkteur] hoof- uitvoerende beampte en hoof- finansiële beampte**”;

*(b)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) *(a)* Die Raad moet, met die goedkeuring van die Minister, ’n **[besturende direkteur]** hoof- uitvoerende beampte aanstel wat **[enige werk wat verband hou met die werksaamhede van]** algehele verantwoordelikheid vir inwerkingstelling van die Raad se strategie vir die Maatskappy **[moet verrig en moet toesien dat die Maatskappy sy oogmerke bereik]** en bestuur van die dag-tot-dag sake van die Maatskappy en enige ander werksaamhede soos van tyd tot tyd deur die Raad gedelegeer, sal hê.

*(b)* Die Raad, met die instemming van die Minister, stel die hoof- finansiële beampte aan wat die hoof- uitvoerende direkteur en die Raad bystaan met die vervulling van hul verantwoordelikhede oor die finansiële sake van die Maatskappy en enige ander werksaamhede soos van tyd tot tyd gedelegeer kan word.

*(c)* Die hoof- uitvoerende beampte en die hoof- finansiële beampte word aangestel vir ’n termyn van hoogstens vyf jaar, welke aanstelling, met die goedkeuring van die Minister, op grond van prestasie vir nog ’n termyn hernu kan word.”;

*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Die Raad moet ’n uitnodiging rig vir aansoeke om die **[pos]** poste van **[besturende direkteur]** hoof- uitvoerende beampte en hoof- finansiële beampte deur advertensies in die media te publiseer of die seleksieproses deur die Raad goedgekeur, met die instemming van die Minister, en dit kan ’n geteikende werwingsproses insluit in ooreenstemming met die betrokke voorskrifte **[deur advertensies in die media te publiseer]**.”; en

*(d)* deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“’n Persoon wat as **[besturende direkteur]** hoof- uitvoerende beampte of hoof- finansiële beampte aangestel word—”.

**Wysiging van artikel 19 van Wet 9 van 2010**

**10.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

“**Voorwaardes van aanstelling van [besturende direkteur] hoof- uitvoerende beampte en hoof- finansiële beampte**”;

*(b)* deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(a)* Die aanstelling van die **[besturende direkteur]** hoof- uitvoerende beampte en hoof- finansiële beampte is onderworpe aan die sluit van ’n prestasiekontrak tussen die Raad en die **[besturende direkteur]** hoof- uitvoerende beampte en die Raad en die hoof- finansiële beampte, onderskeidelik.”;

*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Die **[besturende direkteur]** hoof- uitvoerende beampte en hoof- finansiële beampte beklee die amp op die bedinge en voorwaardes wat die Raad, met die instemming van die Minister, bepaal.”;

*(d)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Die **[besturende direkteur]** hoof- uitvoerende beampte en hoof- finansiële beampte is geregtig op ’n besoldigingspakket deur die Raad bepaal, met die instemming van die Minister en die Minister van Finansies, en die instemming sal geag word gegee te wees indien geen reaksie ontvang word binne 30 dae sedert ontvangs van die versoek deur die Minister van Finansies nie.”;

*(e)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Die **[besturende direkteur]** hoof- uitvoerende beampte en hoof- finansiële beampte is aan die Raad verantwoordbaar.”; en

*(f)* by the addition after subsection (4) of the following subsections:

"(5) The Board may in writing appoint any senior employee of the Company to act as chief executive officer or chief financial officer when the holder of that office—

*(a)* is temporarily unable to perform the duties connected with that office;

*(b)* has been suspended from office; or

*(c)* has vacated or has been removed from that office and a new chief executive officer or chief financial officer, as the case may be, has not yet been appointed.

(6) In the case of a vacancy contemplated in subsection (5), the Board must fill the vacancy within a reasonable period of time, which may not exceed 120 days.

(7) An acting chief executive officer or acting chief financial officer may exercise all the powers and must perform all the duties of the chief executive officer or chief financial officer for a period not exceeding 120 days or as determined by the Board with the concurrence of the Minister.

(8) Executives of Postbank are required to undergo a fit and proper assessment exercise to determine whether they have the requisite skills, knowledge and expertise to occupy those positions critical for the bank in terms of section 13(2)(*f*A) and *(g)* of the Banks Act.".

**Amendment of section 20 of Act 9 of 2010**

**11.** Section 20 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* such persons as the **[managing director]** chief executive officer may, with the concurrence of the Board, appoint."; and

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Board must determine the structure or organogram of the Company and the conditions of service, remuneration and service benefits of the personnel of the Company after consultation with the **[managing director]** chief executive officer and with the concurrence of the Minister and the Minister of Finance.".

**Insertion of section 20A in Act 9 of 2010**

**12.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 20:

"**Bank controlling company's organisational structure**

**20A.** (1) The operations of the bank controlling company will consist primarily of compliance, risk management and governance functions.

(2) The Board shall remain ultimately responsible for ensuring that its approved strategy is implemented and that the group's purpose is fulfilled.

(3) The Board also accepts its responsibility to ensure that risks are adequately identified, measured, managed and monitored and that good governance is maintained.

(4) *(a)* The Board will be supported by the Company Secretary who shall provide governance support as well.

*(b)* The secretariat resource shall be shared with the Company.

(5) The Board shall discharge its duties through policies and frameworks supported by Board committees established in terms of the Companies Act, the Banks Act and the Public Finance Management Act.".

**Amendment of section 22 of Act 9 of 2010**

**13.** Section 22 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

"**Funds of Company and bank controlling company**";

*(f)* deur die volgende subartikels na subartikel (4) in te voeg:

"(5) Die Raad kan enige senior werknemer van die Maatskappy skriftelik aanstel om as hoof- uitvoerende beampte of hoof- finansiële beampte waar te neem wanneer die ampsbekleër—

*(a)* tydelik nie die pligte wat met daardie amp verband hou, kan verrig nie;

*(b)* uit die amp geskors is; of

*(c)* die amp verlaat het of daaruit onthef is en 'n nuwe hoof- uitvoerende beampte of hoof- finansiële beampte, na gelang van die geval, nog nie aangestel is nie.

(6) In die geval van 'n vakature in subartikel (5) beoog, moet die Raad die vakature in 'n redelike tydperk vul, wat nie meer as 120 dae mag wees nie.

(7) 'n Waarnemende hoof- uitvoerende beampte of waarnemende hoof- finansiële beampte kan al die bevoegdhede uitvoer en al die pligte verrig van die hoof- uitvoerende beampte of hoof- finansiële beampte vir 'n tydperk van hoogstens 120 dae of soos deur die Raad met die instemming van die Minister vasgestel.

(8) Uitvoerende beamptes van die Posbank moet 'n proses deurgaan om te assesseer of hulle geskik en gepas is om vas te stel of hulle die vereiste vaardighede, kennis en kundigheid het om daardie posisies te beklee wat kritiek is vir die bank ingevolge artikel 13(2)*(f*A*)* en *(g)* van die Bankwet.".

**Wysiging van artikel 20 van Wet 9 van 2010**

**11.** Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* enige persone wat die **[besturende direkteur]** hoof- uitvoerende beampte, met die instemming van die Raad, kan aanstel."; en

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Raad moet die struktuur of organogram van die Maatskappy en die diensvoorwaardes, besoldiging en diensvoordele van die personeel van die Maatskappy bepaal na oorleg met die **[besturende direkteur]** hoof- uitvoerende beampte en met die instemming van die Minister en die Minister van Finansies.".

**Invoeging van artikel 20A in Wet 9 van 2010**

**12.** Die volgende artikel word hierby na artikel 20 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Bankbeherendemaatskappy se organisatoriese struktuur**

**20A.** (1) Die bedrywighede van die bankbeherendemaatskappy sal hoofsaaklik bestaan uit nakomings-, risikobestuur- en beheerfunksies.

(2) Die Raad bly uiteindelik verantwoordelik om te verseker dat hul goedgekeurde strategie in werking gestel word en dat die groep se doel vervul word.

(3) Die Raad aanvaar ook die raad se verantwoordelikheid om te verseker dat risiko's genoegsaam geïdentifiseer, gemeet, bestuur en gemonitor word en dat goeie beheer gehandhaaf word.

(4) *(a)* Die Raad sal deur die Maatskappysekretaris ondersteun word, wat ook beheerondersteuning sal voorsien.

*(b)* Die sekretariaathulpbron word met die Maatskappy gedeel.

(5) Die Raad vervul die Raad se pligte deur beleid en raamwerke ondersteun deur Raadskomitees wat ingevolge die Maatskappywet, die Bankwet en die Wet op Openbare Finansiële Bestuur ingestel word.".

**Wysiging van artikel 22 van Wet 9 van 2010**

**13.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"**Fondse van Maatskappy en bankbeherendemaatskappy**";

*(b)* by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The funds of the Company and bank controlling company consist of—"; and

*(c)* by the substitution for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* capital vested in the Company and bank controlling company by virtue of section 7;".

**Amendment of section 23 of Act 9 of 2010**

**14.** The following section is hereby substituted for section 23 of the principal Act:

"**Inspection of financial accounts and documents of Company and bank controlling company**

**23.** The Minister or any officer in the public service authorised by the Minister in writing has full access to all the financial accounts and documents of the Company and of the bank controlling company, and the Board must at all times furnish to the Minister or to such officer, as the case may be, all such information as may reasonably be required.".

**Amendment of section 24 of Act 9 of 2010**

**15.** The following section is hereby substituted for section 24 of the principal Act:

"**Application of Public Finance Management Act**

**24.** The Company and the bank controlling company **[is]** are subject to the Public Finance Management Act.".

**Amendment of section 28 of Act 9 of 2010**

**16.** Section 28 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

"**[Certain]** Exemption from certain **provisions of Companies Act [may be declared inapplicable to Company]**";

*(b)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) *(a)* The Minister, with the concurrence of the Minister of Finance, may, in terms of section 9 of the Companies Act, request the Minister of Trade **[and]**, Industry and Competition to **[declare any provision]** grant a total, partial or conditional exemption from one or more provisions of the Companies Act **[to be inapplicable]** applicable to the Company or the bank controlling company.";

*(b)* The request must be fully motivated by the Company or the bank controlling company, as the case may be.";

*(c)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) *(a)* The **[Registrar of Companies]** Commissioner must publish particulars about the request and the motivation contemplated in subsection (1) by notice in the *Gazette*.

*(b)* In **[such]** the notice **[,]** contemplated in paragraph *(a)*, the **[Registrar]** Commissioner must invite interested persons to submit representations to a person named in the notice within a period stipulated in that notice."; and

*(d)* by the substitution in subsection (3) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* **[The]** Before granting an exemption in terms of section 9 of the Companies Act and in addition to the provisions of that section, the Minister of Trade **[and]**, Industry and Competition **[may only issue the declaration if]** must consider the representations contemplated in subsection (2) and be satisfied on reasonable grounds that the **[inapplicability of that provision to]** request for exemption for the Company or the bank controlling company—

*(b)* deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“Die fondse van die Maatskappy en bankbeherendemaatskappy bestaan uit die volgende—”; en

*(c)* deur paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(a)* kapitaal wat uit hoofde van artikel 7 in die Maatskappy en bankbeherendemaatskappy vestig;”.

**Wysiging van artikel 23 van Wet 9 van 2010**

**14.** Artikel 23 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“**Inspeksie van finansiële rekeninge en dokumente van Maatskappy en bankbeherendemaatskappy**

**23.** Die Minister of enige beampte in die staatsdiens met skriftelike magtiging van die Minister het volle toegang tot al die finansiële rekeninge en dokumente van die Maatskappy en van die bankbeherendemaatskappy, en die Raad moet te alle tye aan die Minister of sodanige beampte, na gelang van die geval, alle inligting wat redelikerwys vereis kan word, voorsien.”.

**Wysiging van artikel 24 van Wet 9 van 2010**

**15.** Artikel 24 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“**Toepassing van Wet op Openbare Finansiële Bestuur**

**24.** Die Maatskappy en die bankbeherendemaatskappy is onderhewig aan die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.”.

**Wysiging van artikel 28 van Wet 9 van 2010**

**16.** Artikel 28 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

“**[Sekere] Vrystelling van sekere bepalings van Maatskappywet [kan as nie van toepassing op die Maatskappy verklaar word]**”;

*(b)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) *(a)* Die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, kan, ingevolge artikel 9 van die Maatskappywet, versoek dat die Minister van Handel **[en]**, Nywerheid **[verklaar dat enige bepaling]** en Mededinging ’n algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van een of meer van die Maatskappywet **[nie]** se bepalings wat van toepassing op die Maatskappy of bankbeherendemaatskappy is, toestaan **[nie]**.”;

*(b)* Die Maatskappy of die bankbeherendemaatskappy, na gelang van die geval, moet die versoek ten volle motiveer.”;

*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) *(a)* Die **[Registrateur van Maatskappye]** Kommissaris moet besonderhede oor die versoek en motivering in subartikel (1) beoog by kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer.

*(b)* In die kennisgewing in paragraaf *(a)* beoog, moet die **[Registrateur]** Kommissaris belanghebbendes vra om binne ’n tydperk in die kennisgewing bepaal vertoë voor te lê aan ’n persoon in die kennisgewing bepaal.”; en

*(d)* deur in subartikel (3) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(b)* **[Die]** Voordat ’n vrystelling ingevolge artikel 9 van die Maatskappywet toegestaan word, moet die Minister van Handel **[en]**, Nywerheid **[kan slegs die verklaring uitreik indien]** en Mededinging die vertoë in subartikel (2) beoog, oorweeg en op redelike gronde oortuig wees dat die **[ontoepaslikheid van daardie bepaling op]** versoek om vrystelling vir die Maatskappy of die bankbeherendemaatskappy—

(i) will contribute to the Company's or the bank controlling company's efficiency;
(ii) will not reduce or limit the Company's or the bank controlling company's accountability as a public entity or reduce the transparency of its functioning and operations; **[and]**
(iii) will not be prejudicial to the rights, interests or claims of the Company's creditors or employees or to the rights or interests of any other person**[.]**;
(iv) will not reduce or limit the Company's or bank controlling company's functioning or accountability as a bank or bank controlling company; and
(v) will not affect the effective regulation and supervision of the Company and the bank controlling company in terms of the Banks Act.''.

**Amendment of long title of Act 9 of 2010**

**17.** The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Act:

''**To provide for the incorporation of the Postbank Division of the South African Post Office; to provide for the transfer of the enterprise of that Division to the Postbank company; to provide for the governance and functions of the Postbank company; to provide for the transfer in shareholding from the South African Post Office to Government through the creation of a bank controlling company for The Postbank SOC Limited in terms of the Banks Act, 1990; and to provide for matters connected therewith**.''.

**Amendment of Arrangement of Sections in Act 9 of 2010**

**18.** The Arrangement of Sections after the long title of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion after the expression ''15. Resignation, removal from office and vacating of office'' of the following:
''**15A.** Functions of bank controlling company'';
*(b)* by the substitution for the expression ''18. Appointment of managing director'' of the following:
''**18.** Appointment of **[managing director]** chief executive officer and chief financial officer'';
*(c)* by the substitution for the expression ''19. Conditions of appointment of managing director'' of the following:
''**19.** Conditions of appointment of **[managing director]** chief executive officer and chief financial officer'';
*(d)* by the insertion after the expression ''20. Personnel of Company'' of the following:
''**20A.** Bank controlling company's organisational structure'';
*(e)* by the substitution for the expression ''22. Funds of Company'' of the following:
''**22.** Funds of Company and bank controlling company'';
*(f)* by the substitution for the expression ''23. Inspection of financial accounts and documents of Company'' of the following expression:
''**23.** Inspection of financial accounts and documents of Company and bank controlling company''; and
*(g)* by the substitution for the expression ''28. Certain provisions of Companies Act may be declared inapplicable to Company'' of the following:
''**28. [Certain]** Exemption from certain provisions of Companies Act **[may be declared inapplicable to Company]**''.

(i) tot die Maatskappy of bankbeherendemaatskappy se doeltreffendheid sal bydra;

(ii) nie die Maatskappy of die bankbeherendemaatskappy se rekenpligtigheid as 'n openbare entiteit sal verminder of beperk of aan die deursigtigheid van die Maatskappy of die bankbeherendemaatskappy se funksionering en werksaamhede afbreuk sal doen nie; **[en]**

(iii) nie tot nadeel van die regte, belange of eise van die Maatskappy se skuldeisers of werknemers of die regte van enige ander persoon sal wees nie**[.]**;

(iv) nie die Maatskappy of bankbeherendemaatskappy se funksionering of rekenpligtigheid as 'n bank of bankbeherendemaatskappy sal verminder of beperk nie; en

(v) nie die effektiewe regulering en toesig oor die Maatskappy en die bankbeherendemaatskappy ingevolge die Bankwet sal raak nie.''.

**Wysiging van lang titel van Wet 9 van 2010**

**17.** Die lang titel van die Hoofwet word hierby deur die volgende lang titel vervang:

''**Om voorsiening te maak vir die inlywing van die Posbank-afdeling van die Suid-Afrikaanse Poskantoor; om vir die oordrag van die onderneming van daardie Afdeling na die posbankmaatskappy voorsiening te maak; om vir die bestuur en werksaamhede van die posbankmaatskappy voorsiening te maak; voorsiening te maak vir die oordrag in aandeelhouding van die Suid-Afrikaanse Poskantoor aan die Staat deur die skepping van 'n bankbeherendemaatskappy vir die Posbank MSB Beperk ingevolge die Bankwet, 1990; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**''.

**Wysiging van indeling van artikels van Wet 9 van 2010**

**18.** Die indeling van artikels na die lang titel van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende in te voeg na die uitdrukking ''15. Bedanking, ontheffing uit amp en ontruiming van amp'':

''**15A.** Werksaamhede van bankbeherendemaatskappy'';

*(b)* deur die uitdrukking ''18. Aanstelling van besturende direkteur'' deur die volgende te vervang:

''**18.** Aanstelling van **[besturende direkteur]** hoof- uitvoerende beampte en hoof- finansiële beampte'';

*(c)* deur die uitdrukking ''19. Aanstellingsvoorwaardes van besturende direkteur'' deur die volgende te vervang:

''**19.** Voorwaardes van aanstelling van **[besturende direkteur]** hoof-uitvoerende beampte en hoof- finansiële beampte'';

*(d)* deur die volgende in te voeg na die uitdrukking ''20. Personeel van Maatskappy'':

''**20A.** Bankbeherendemaatskappy se organisatoriese struktuur'';

*(e)* deur die uitdrukking ''22. Fondse van Maatskappy'' deur die volgende te vervang:

''**22.** Fondse van Maatskappy en bankbeherendemaatskappy'';

*(f)* deur die uitdrukking ''23. Inspeksie van finansiële rekeninge en dokumente van Maatskappy'' deur die volgende uitdrukking te vervang:

''**23.** Inspeksie van finansiële rekeninge en dokumente van Maatskappy en bankbeherendemaatskappy''; en

*(g)* deur die uitdrukking ''28. Sekere bepalings van Maatskappywet kan as nie van toepassing op die Maatskappy verklaar word'' deur die volgende te vervang:

''**28. [Sekere]** Vrystelling van sekere bepalings van Maatskappywet **[kan as nie van toepassing op die Maatskappy verklaar word]**''.

**Substitution of short title of Act 9 of 2010**

**19.** The short title is hereby substituted for the short title of the principal Act.

> "**Short title and commencement**
>
> **32.** This Act is called the South African Postbank SOC Limited Act, 2010, and takes effect on a date determined by the President in the *Gazette*.".

**Short title and commencement**

**20.** This Act is called the South African Postbank Limited Amendment Act, 2023, and comes into operation on a date fixed by the President published in the *Gazette.*

**Vervanging van kort titel van Wet 9 van 2010**

**19.** Die kort titel word hierby deur die kort titel van die Hoofwet vervang:

"**Kort titel en inwerkingtreding**

**32.** Hierdie Wet heet die Wet op die Suid-Afrikaanse Posbank MSB Beperk, 2010, en tree in werking op 'n datum deur die President by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.".

**Kort titel en inwerkingtreding**

**20.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Posbank Beperk, 2023, en tree in werking op 'n datum deur die President in die *Staatskoerant* gepubliseer.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065